

5 NOVEMBER 2017

09:00 Erediens – Doop

Fay van Eeden

Ruimte waar almal floreer.

Jeané Smit (Ernes en Jeanine), Mieke Venter (JP en Jorinda) en Francois du Toit (Francois en Carla) word vanoggend gedoop. Baie welkom aan al die vriende en familie.

09:00 Kategese Gr 1 – 6 afsluiting (begin in die kerk)

09:00 Kleuterkerk!

Kersafsluiting. (Kom vroeg – ons trek eers aan in die kleuterkerk)



10:30 Lynnwood Oord-diens

Quintus Smit

Die krag van Vergifnis. Psalm 51 (8-15)

18:00 Aanddiens – Koinonia

Immanuel van Tonder

Die gawe van geduld.

12 NOVEMBER 2017

09:00 Erediens

Eric Scholtz

18:00 Aanddiens

Immanuel van Tonder

Ons kuiergeleentheid vir senior lidmate vind vanjaar op Donderdag, 30 November 2017 vanaf 12:00 plaas. Indien jy die geleentheid gaan bywoon, plaas asseblief jou naam op 'n naamlys by die info-toonbank na die erediens, of skakel die kerkkantoor gedurende kantoorure. Daar is slegs plek vir 90 mense! Die bywoning is gratis, maar jy kan by die kuiergeleentheid 'n donasie gee.

Ons vier ons jaarlikse **DANKIEMAAND** met die tema "My beker loop oor". Ons raak gedurende dié tyd bewus van die gawes wat die Here in al die seisoene van die jaar gee. U kry geleentheid tot **19 November 2017** om u bydrae te maak. Ons is dankbaar oor die bediening van die afgelope jaar in Lynnwood Gemeente, maar ons sien ook met baie verwagting en opgewondenheid uit na 2018 om in God gewortel 'n lewegewende gemeente wees! Baie dankie vir die bydraes wat reeds ontvang is. Byvoorbaat baie dankie vir u aandeel aan die betekenisvolle verskil wat die gemeente maak.

Gemeenteverjaarsdag Potjiekos

Ons vier op **19 November** ons gemeente se verjaarsdag met ons jaarlikse Potjiekos-ete.

Koste: R80 (volwassene) en R50 (laerskoolkind). Bespreek asseblief by die Info-toonbank na die diens of skakel die kerkkantoor 012 348 1245. Mense wat belangstel om 'n pot te maak moet asseblief ook die kerkkantoor skakel. Indien u bereid is om te help met koring- en stampmielievoorbereiding en basaarpoeding kontak asseblief vir Maretha 073 267 7019.



Voorbedding:

Sias en Hester Oosthuizen en familie, Alcadeweg 99, Lynnwood Glen, 082 557 0249 – Sias se ma oorlede.

Die week se kalenderaktiwiteite

Maandag:	Diensverhoudinge Bedieningvergadering 18:30 (Kerkkantoor).
Dinsdag:	Bybelstudie 08:15 (Nerina Deale, Elveramstraat 51, Lynnwood Glen, 012 361 1896) – Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572. Bybelstudie 08:30 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959. Tabita Naaldwerkklasse 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 012 361 1626 / 082 448 6413. Gemeentevroue Groep 11 16:00 – afsluiting. Nuwe Generasie Bybelskool 19:00 (Sjêk) – Jakkie Strachan 084 547 1660.
Woensdag:	Gasvryheidsbediening vergadering 17:00 (A21). Studente-selgroep 19:00 (Sjêk) – Jeanri Bezuidenhout 074 893 2836.
Donderdag:	Bybelstudie 09:30 (Lynnwood Oord). Tabita Naaldwerkklasse 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 012 361 1626 / 082 448 6413. Jong Volwasse-omgeegroep 19:00 (Sjêk) – Fay van Eeden 083 478 0854.
Vrydag:	Bybelstudie 08:15 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959. Gebedsgroep 09:30 (B5). Kontak: Hanthi Jacobs 012 361 9058 / 083 293 0263 of Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572 met gebedsversoeke.

Bewys van lidmaatskap:

Nandi du Toit, Bronberg Park 132, Denneboomstraat, Wilgers, 076 048 8124.

Lynnwood Kersfees-aandmerk:

Ons hou op 25 November Lynnwood se eerste Kersfees-aandmerk! Om die stalletjies te help met voorraad benodig ons asseblief die volgende:

- ✚ poeding (kontak asseblief vir Maretha Brits 073 267 7019);
- ✚ vrugtekoek (kontak asseblief vir Bettie Hammann 082 550 5079);
- ✚ tuisgemaakte lekkers (kontak asseblief vir Hannelie van Tonder 083 452 0441);
- ✚ tuisgemaakte konfyt, -souse, ingelegde vrugte, ens. (kontak asseblief vir Fay van Eeden 083 478 0854);
- ✚ mense wat bereid is om brode te bak (ciabata, volgraan, piesang, gemmer en wortelkoek) (kontak asseblief vir Fay 083 478 0854).

Skakel asseblief die betrokke persone of die kerkkantoor by 012 348 1245 indien u kan help. Byvoorbaat baie dankie vir u gewaardeerde ondersteuning.

Kersfees@Ubuhle-kleuterskool:

Baie dankie aan almal wat 'n naamkaartjie geneem het vir 'n Kersgeskenkpakkie. Onthou asseblief om die pakkie voor of op 12 November 2017 by die Info-toonbank of die kerkkantoor in te handig. Navrae: Fay 083 478 0854 of Liani 079 506 4078.

Jakaranda Liggiesfees:

Daar is vandag weer 'n koffiestalletjie-diensrooster by die ingang by die stoep beskikbaar. Skryf asseblief jou naam op die lys indien jy graag 'n aand wil kom help koffie verkoop om fondse in te samel vir Lizzy (huisma) en die 13 kinders van Huis 6. Daar sal ook 'n houer by die rooster by die Mapobane-kas wees waar skenkings vir *cappuccino*-pakkies gewoon/onversoet of *Decaf*), melk of *Hot chocolate* in geplaas kan word.

➔ **Baie belangrik nou** is die liggies wat Saterdag 11 November vanaf 10:00 opgesit word! Hiervoor benodig ons 'n aantal sterk jongmanne wat nog bereid is om in bome en op dakke te klouter! Kom maak 'n draai en help groot asseblief. By voorbaat baie dankie. Kontak Chris Strydom by 079 871 7079 of Anneke Doms 082 376 2604.

Kontak van die week: Die Gawe van Geduld

Geduld is eintlik iets vreemd in ons wêreld. In ons wêreld moet alles dadelik gebeur en alles moet perfek wees. Kitskos moet dadelik beskikbaar wees, ons wil nie in rye wag nie, geestelike groei moet in 'n kits plaasvind, siektes moet in 'n oomblik genees word, my man, vrou en kinders moet hulle dadelik regruk!

My ervaring van myself en ons omgewing is dat hierdie tyd van die jaar selfs nog groter druk op mense plaas wat reeds moeg is. Ek sien ons botteltjies geduld loop leeg. Die koste as gevolg van die leë bottels is baie hoog. Mense breek mekaar af, hulle breek hulleself af en dit het 'n afbrekende impak op die samelewing. Die tol van ongeduld op mense se geestelike lewe is ook baie hoog.

Die Griekse **woord vir "geduld"** in die Bybel dui twee aspekte van geduld:

* bereidwilligheid om te wag voor jy optree. Dit gee eers spasie en stilte sodat jy die saak met 'n ander gesindheid kan benader.

Iemand beskryf geduld so: "*Patience is letting your motor idle when you feel like tripping the gears*". Geduld is om jou woede, haas, opwinding, bekommernis, wanhoop te erken en nie toe te laat dat dit jou oorweldig nie. Jy kies om vanuit 'n ander Bron van energie en motivering op te tree as dit wat jou op daardie oomblik aanvuur.

* om juis aan te kan hou in jou pogings om iets te bereik, soos om geduldig aan te hou met 'n goeie aksie waarmee jy besig is, soos om geduldig aan te hou bid, liefhê, dien, luister en aan te hou probeer. Hierdie betekenis is naby aan woorde soos volharding, lankmoedigheid en deursettingsvermoë.

Baie tekste vertel **hoe geduldig God** met mense is. Aan die een kant kan Hy geduldig wag, en stel Hy sy optrede uit ter wille van die mense wat hom teleurstel. Rom 2:4 sê: *God is ryk in goedheid, verdraagsaamheid en geduld! Sê dit vir jou niks nie?* Aan die ander kant is God geduldig (onophoudelik) besig met ons om ons met sy liefde en sorg te omring. Hy hou aan om ons nader te trek, met ons kontak te maak en ons nuut te maak.

Jesus Christus was 'n toonbeeld van geduld. Hy het geduldig volhard deur al sy lyding op aarde tot aan die kruis. God is dus vir ons beide die toonbeeld en bron van geduld.

God weet dat geduld vir ons moeilik is, daarom gee Hy dit as gawe van die Gees (Gal 5:22). Geduld is nie 'n aangebore eienskap nie, dit word van God ontvang en ontwikkel. Ons moet geduld toepas in ons verhouding met ander mense, in uitdagende situasies, maar ook met onself! Kyk net hoe ongeduldig ons met onself is, en die skade wat dit aanrig.

1 Kor 13:4 ev sê dat *die liefde geduldig is*. Natuurlik is dit soms baie moeilik om geduldig te bly as ons byvoorbeeld 'n eiesinnige lewensmaat, stout kind, lui werknemer of lastige persoon moet probeer hanteer. Geduld vra nie net 'n passiewe verdra van ongemak nie, maar ook 'n geduldige volharding om die regte ding te bly doen.

Hierdie tyd van die jaar stel besondere eise aan ons. Mag jy ervaar dat God se geduld met jou, jou die inspirasie gee om geduldig te wees met jouself, ander en ongemaklike situasies.

Kol 1:11 se seënwenis is my wens vir jou: *Mag God deur sy wonderbare krag julle alle sterkte gee om in alle omstandighede geduldig te volhard.*

T-Tyd (Teenwoordig tyd)

* Oorweeg dit om 'n paar tekste oor geduld biddend te oordink, soos Rom 2:4, 1 Kor 13:4-7, Kol 1:11 en Gal 5:22.

* Gebruik bewuste asemhaling om uit die spiraal van gedagtes en emosies wat jou aftrek in die donker ongeduld in, te ontsnap.

* Jy kan ook Matt 11:28 se woorde gebruik in jou asemhaling "*Kom na My toe*" (terwyl jy inasem), "*almal wat uitgeput en oorlaai is*" (*hou jou asem in tydens die woorde*), "*en ek sal julle rus gee...*" (asem rustig uit met dié woorde met stilte aan die einde). Die telling 4(in) – 7(hou) – 8(uit) is bewys as 'n baie goeie ritme vir ontspanning met asemhaling.

Probeer dit gerus nou...

Groete
Immanuel van Tonder
(namens die Predikantespan)

Baie welkom aan alle besoekers en nuwe intrekkers. Ontmoet gerus die predikant na die oggenddiens by die liturgiese ruimte. Skryf asseblief ook u naam in die boek in die portaal of skakel die kerkkantoor. Ons wil u graag verwelkom. Besoek ook gerus die info-toonbank na die oggenddiens vir enige navrae.

Naam _____

Selfoonnommer _____ Landlyn nommer _____

E-posadres _____

Kort beskrywing van Gawe

Terme en Voorwaardes van gawe (bv. X2 mense per week, Maandae)

Handtekening _____

Datum _____

*** Handig asseblief in by die info-toonbank, kerkkantoor of in die mandjie in die portaal.

*** Skakel 065 383 7292 of stuur gerus ook per epos aan helplift@nglynnwood.co.za

Gemeenskap

Die Wilgers aftree-oord (naby Duitse skool). 2 Slaapkamers met oopplan kombuis/sitkamer, badkamer met stort en heerlike stoepie. Pragtige versorgde tuine en baie veilig. Dokter 1x per week aan diens, suster elke nag aan diens, versorgings eenheid, etes kan bestel word, haarsalon, braaiplek (met familie) en busdiens na winkel sentrums. Onmiddellik beskikbaar. R8900 pm. Kontak Renet Nortje 083 501 4669.

re#iMagine Matriekfees Heroldsbaai vir skoolverlaters vanaf 29 Nov – 6 Des. Koste R1000 pp.

Navrae: albetheunissen@gmail.com, www.facebook.com/matriekfees of skakel 082 928 3561.

ATKV Tonteldoos en NG Faerie Glen bied 'n orrelfees met Eddie Davey op 15 November 2017 om 15:00 in die kerk te Glenwoodweg 429, Pretoria aan. Toegang: 'n Skenking. Bring gerus vriende saam en geniet 'n kopie tee agterna. Navrae: Marinda 083 432 8875 of Eleine 072 264 8670.

Transvaliaskool vir leerdere met Epilepsie en Leergestremtheid bied 'n **Jak de Priester** fondsinsameling-konsert aan op Saterdag 18 November om 09:30 by Lynnwood Gemeente. Kaartjies: Marietjie Landman 083 294 8246/012 800 1071.



Hoe nou? Verdedig jousef – die kursus sal jou leer hoe! Aangebied deur Body Kinetics WNNR vir dames vanaf 10 tot 80, op 11 November 2017 vanaf 13:00 – 16:00. Koste R250 per persoon. Bespreek voor 7 November by Liesl (083 410 1914).

Motorwagdonasies: Houers in die portaal beskikbaar – dankie vir u ondersteuning.

Byderhand: Kragonderbrekings: 012 339 9111 (080 111 1556 tolvry) of

SMS "power" gevolg deur jou rekeningnommer na 082 612 0333.

Straatligprobleme: 080 111 1556 of e-pos customercare@tshwane.gov.za.

Slaggate en/of robotte uit: e-pos customercare@tshwane.gov.za.

Water probleme: 012 358 2111 of 012 327 0147 of e-pos customercare@tshwane.gov.za.

Dankoffers: Oorweeg asseblief biddend 'n dankoffer d.m.v. een van die volgende wyses: koevert, aftrek- of debietorder, elektroniese oorplasing NG Lynnwood, ABSA Takkode: 632005, Tjekrekening nr. 540 580 014 (gebruik asseblief u Voorletters en Van as verwysing en e-pos bewys van betaling aan finansies@nglynnwood.co.za of *Snap Scan*).



Snap here to pay

 SnapScan